

## **JAARVERSLAG 2003**

### **VERSLAG VAN DIE INSTITUSIONELE FORUM**

Die Institusionele Forum (IF) is 'n adviesliggaam wat, ingevolge die Wet op Hoër Onderwys (Art. 31(1) van Wet 101 van 1997), die Raad van advies dien oor beleidsaangeleenthede, met inbegrip van die uitvoering van die bepalings van vermelde wet en die nasionale beleid op hoër onderwys.

Die bedrywighede van die IF word hoofsaaklik deur sy drie taakgroepe – die taakgroepe vir Diversiteit en Billikheid, vir Institusionele Beplanning en vir Institusionele Kultuur – gekanaliseer. Die taakgroepe word, wanneer nodig, deur ad hoc-groepe aangevul. Taakgroepe het die opdrag om sake wat aan hulle toegewys is indringend te ondersoek. Hulle moet dan aan die IF daaroor verslag doen en hulle adviseer, sodat weldeurdagte advies aan die Raad gegee kan word.

#### **Samestelling**

Die Institusionele Forum bestaan uit agt-en-twintig lede, sewe uit elk van vier sektore wat soos volg saamgestel is:

*Beheer- en Bestuurssektor:* Twee lede van die Raad verkies deur die Raad, drie lede van die Senaat verkies deur die Senaat, een lid van die Bestuur aangewys deur die Bestuur, en die Registrateur of 'n persoon wat deur die Registrateur aangewys word.

*Personeelsektor:* Twee lede verkies uit eie geledere deur die permanente nie-professorale akademiese personeel, een lid uit eie geledere aangewys deur die akademiese ondersteuningsdienste, twee lede uit eie geledere verkies deur erkende vakbonde, en twee lede uit eie geledere verkies deur administratiewe ondersteuningsdienste.

*Studentesektor:* Twee lede van die Studenteraad verkies deur die Studenteraad, twee lede van die Primkomitee aangewys deur die Primkomitee, een lid aangewys deur die studenteverenigings, en twee lede van die Akademiese Belangeraad aangewys deur die Akademiese Belangeraad.

*Gemeenskapsektor:* Twee lede van die konvokasie aangewys deur die president van die konvokasie, en vyf persone uit eie geledere aangewys deur verteenwoordigende liggame van die burgerlike samelewing.

## **Verslag van die Instusionele Forum oor 2003 se werksaamhede**

### *Algemeen*

Die IF het in die jaar 2003 hulle werkswyse gesistematiseer deur vooraf aan alle belanghebbende partye bepaalde spertye voor te hou vir dokumente en kwessies wat bespreek moet word. Hierdie reëling is in 'n mate ook die finale afronding om die IF as adviserende forum van die Universiteitsraad behoorlik te vestig.

Die stewige bande wat tydens die afgelope jare met die verskillende omgewings binne die Universiteit gesmee is, werp nou vrugte af. Die werkswyse en adviseringsprosesse van die IF is stelselmatig verfyn, sodat die forum nou die maksimum voordeel uit hierdie insette kan put.

In die verslagjaar het die IF die US Raad oor verskeie aspekte geadviseer:

### *Die US se Instusionele Plan vir die beplanningsfase 2004 – 2006*

Die IF was beïndruk met die deeglike en volledige dokument wat 'n taakspan onder leiding van prof Groenewald opgestel het.

### *Konseptualisering van 'n diversiteitsplan*

Hoewel dit nie 'n finale beleidsdokument was nie, is dit wel op versoek deur die IF bespreek. Benewens besware wat oor die titel uitgespreek is, is daar ook 'n verskeidenheid (hoofsaaklik redaksionele) wysigings voorgestel. Die diversiteitsplan geniet steeds verdere gedesentraliseerde aandag in fakulteite en afdelings en die IF steun die breë gedagtegang.

### *Toekomsvisie*

Die algemene indruk was dat aspekte van hierdie dokument vaag voorkom. Tog ondersteun die IF, net soos in die geval van die diversiteitsplan, die algemene beginsels daarin vervat.

### *Reglement by die aanstel van dekane*

Volgens 'n Raadsbesluit moes die reglement rakende die aanstel van dekane hersien word. Hierdie aangepaste reglement is in besonderhede bespreek en aanbevelings is gedoen.

### *Wysigings aan die Institusionele Statuut*

Die voorgestelde wysigings aan die Statuut van die US is bespreek. Enkele verdere wysigings is voorgestel, waarvan sommige deur die Raad aanvaar is. Die primêre doel met die wysigings aan die Statuut was om die leemtes te oorkom wat met die skrap van die Private Wet van die Universiteit van Stellenbosch (Wet 107 van 1992) sou ontstaan.

### *Taalbeleid*

Kommentaar is gelewer op twee geassosieerde dokumente, te wete (i) *Opsomming: Taalbeleid en -plan*; en (ii) *Gedragkode vir Taal in die Klaskamer*. Beide dokumente is, met enkele opklarings wat versoek is, ondersteun.

### **Ten Slotte**

In die algemeen het die IF sterk aanbeveel dat die liggaam nie as 'n rubberstempel beskou moet word nie, maar eerder as 'n forum waar sake indringend bespreek kan word. Om dié doel te bereik is dit nodig dat sake tydig na die IF verwys word, sodat interne werkswyses, gebaseer op vooraf opgestelde tydskafe, gehandhaaf word.

In die geheel neem die IF aktief deel aan besprekings oor al die kwessies wat die US raak, en bly die uitnodiging staan dat enigiemand gerus sake wat met beleid, kultuur of beplanning aan die Universiteit te make het, vir bespreking onder die IF se aandag kan bring.

Die IF is tevrede dat hy in 2003 sinvol bygedra het tot die werksaamhede van die Universiteit, veral gemeet aan die positiewe reaksie van die Raad oor etlike aspekte van sy advies aan die Raad.

Leonie Overbeek

Voorsitter tot September 2003

Le Roux Burrows

Voorsitter sedert Oktober 2003